

## Hulpbronne

# Wenke vir die kies van boeke

Jy kan 'n baie belangrike rol speel om jou kinders te help om boeke te kies om hulle in lees en stories te interesseer. Hier is 'n paar wenke om jou te help. Probeer een wenk op 'n slag en bepaal watter die beste vir jou en jou kinders werk.

### Gebruik jou huistale

Boeke vir babas en voorskoolse kleuters behoort, sover moontlik, in hul huistaal te wees. Jy kan self boeke wat min woorde bevat, vertaal indien dit nie in die taal wat jy soek, beskikbaar is nie. Probeer ook vir ouer kinders boeke in hul huistaal kry, want boeke wat hulle in hul huistaal geniet, verdiep hulle waardering, kennis en die motivering om aan te hou lees.

### Boeke vir babas en kleuters

Babas hou van helderkleurige prente of foto's van dinge of mense met eenvoudige teks. Hulle is mal daaroor om die ritmes van taal te ervaar en geniet herhalings en rym. Eerste boeke wat aksies soos handeklap en kopknikke insluit, is gewoonlik groot gunsteling. Probeer karton- en materiaalboeke vind, want hulle kan gekou en getrek word sonder om uitmekaar te val!

### Ritme en rym

Jong kinders geniet helderkleurige geïllustreerde boeke met wiegeliëdjies, woordspelings en rympies. Hulle hou ook van boeke waar die teks 'n sterk ritme het, of waarin frases herhaal word.

### Prenteboeke

Woordlose boeke is 'n uitstekende belegging, want dit gee jou die kans om die storie op jou eie manier aan die kinders te vertel en hulle kan ook hulle eie stories skep. Woordlose boeke is 'n fantastiese hulpmiddel vir 'n veeltalige situasie waar kinders en volwassenes verskillende tale praat.

### Nuut en bekend

Kies 'n paar boeke wat dinge weerspieël wat vir jou kinders bekend is. Kies byvoorbeeld boeke waar die huise soos hulle s'n lyk en waar die storie hulle toelaat om alledaagse gebeure wat hulle ken of al teëgekome het, te verken. Kies ook 'n paar ander boeke wat hulle nuuskierigheid oor nuwe dinge en ondervindinge, kan prikkel. Sommige hiervan kan volksverhale wees, of stories wat in verskillende plekke en kulture afspeel, of dit kan stories oor fantasie en towerwêreld wees.

### Lees saam met ouer kinders



Selfs kinders wat al onafhanklik kan lees, hou

Ontsluiting van kinders se potensiaal deur die vertel en lees van stories


[www.nalibali.org](http://www.nalibali.org)

 @nalibaliSA  nalibaliSA  info@nalibali.org





Dit begin met 'n storie...



## Hulpbronne

daarvan om voorgelees te word. Hardop lees verg dat jy stories kies wat 'n meer ingewikkelde taalgebruik of storielyn bevat as dié wat hulle gewoonlik vir hulself lees. Dit kan selfs oor moeilike of sensitiewe onderwerpe handel. Dis beter om die keuse van boeke wat hulle self of vir jou kan lees, dié wat julle saam lees, en boeke wat jy aan hulle voorlees, te wissel.

### **Afwisseling krui die lewe**

Moedig kinders aan om verskillende boeke te probeer – skoolstories, ruimteverhale, stories oor familie en vriendskap, natuurverhale, geskiedkundige verhale en verhale oor helde, heldinne en groot avonturiers, avontuurverhale, fantasie, tower- en speurverhale.

### **Help met die uitdagings van die lewe**

Prentboeke en storieboeke oor dinge wat met jou kind gebeur het, of besig is om in hul lewens te gebeur – soos 'n nuwe boetie of sussie, egskeiding of probleme met vriendskappe – kan kinders help om hulle gevoelens te verwerk en hulle vrese te besweer. Sekere boeke kan jou ook help om moeilike of sensitiewe onderwerpe, soos

seks, siekte en dood, op 'n indirekte wyse aan te raak.

### **Lees vir kennis**

Kennisboeke is nie net vir ouer kinders geskik nie. Daar is baie toepaslike inligtingsboeke vir voorskoolse kinders beskikbaar. Feitelike boeke prikkel nuuskierigheid en 'n belangstelling in ons natuurlike en fisiese wêreld. Om die lewensverhale van mense wat betrokke by dinge soos die geskiedenis, politiek, kuns, teater, medisyne en wetenskap is, te lees, kan baie motiverend wees vir jong mense wat wonder waarom die lewe gaan. Hulle verbreed ook in die proses hulle kennis en begrip en leer hoe en waar om inligting te vind.

### **Doen navorsing**

Vra jou plaaslike bibliotekaris watter boeke kinders van 'n sekere ouderdom geniet. Vra hulle ook vir boeke in die tale wat jy verkies. Doen op die internet of in die biblioteek navorsing oor bekroonde skrywers, feëverhale en volksverhale vanuit Afrika en die res van die wêreld.

Ontsluiting van kinders se potensiaal deur die vertel en lees van stories

[www.nalibali.org](http://www.nalibali.org)

 @nalibaliSA  nalibaliSA  info@nalibali.org

